UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

# KAMPUS nuus



## SORAYA SEEDAT
## Prize-winning scientist


Ingenieurswese spog met moderne geboue

US vorder met volhoubare vervoer

Unit for Early Music launched

Brandon Como laat HOOP gebeur



JAAR 21#08 OKTOBER 2013 YEAR 21#08 OCTOBER 2013

US Personeelblad SU Staff Magazine

## contents inhoud

My Kampus: Mohamed Ally on athletics ........ 3
High rating for SU's Business School ........ 4
Staff members go big on Casual Day ........ 5
RSG saai regstreeks uit vanaf US ........ 6
SU leads in Sêr Competition ........ 7
Laat wiel met volhoubare vervoer ........ 8
Moderne gebou vir Ingenieurswese ........ 9
Brandon Como laat HOOP gebeur ........ 10
Sounds of a landscape ........ 11
Unit for Early Music launches ........ 12
Kampuslewe: Eet, kyk en luister ........ 13
SU Wellness hosts sports day ........ 14
In conversation with Prof Soraya Seedat ........ 15
Brokkies in Beeld ........ 16










*Redakteur:* Wayne Muller
*Voorbladfoto:* Stefan Els
*Bladontwerp:* SUN MeDIA
*Drukwerk:* SUN MeDIA
*Advertensies:* Conita Henry
tel: 021 808 4633, e-pos: chenry@sun.ac.za
*Redaksionele bydraes aan:* Die Redakteur,
Admin B-gebou, tel: 021 808 2927,
faks: 021 808 3800,
e-pos: kampusnuus@sun.ac.za
of wmuller@sun.ac.za

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY



## VAN DIE Redakteur

Daar is altyd interessante en grensverskuiwende projekte aan die gang by die US – 'n mens kan soms nie eens bybly met alles wat op ons kampusse gebeur nie.

Hierdie projekte beïnvloed nie net ons as US-personeellede se werk nie, maar het 'n wyer impak op die gemeenskappe waarin ons leef. Dié maand vertel *Kampusnuus* jou van 'n paar klein idees wat 'n groot impak het.

Ons berig die jongste oor die Matie Fiets-projek en 'n nuwe parkeerarea wat meer as net 'n staanplek vir motors is – dit is alles pogings tot 'n skoner natuurlike omgewing. Lees meer op bladsy 8.

'n Paar weke gelede het die Fakulteit Ingenieurswese sy nuwe vleuel, wat die moderne Kennissentrum en Prosesingenieurswese-gebou insluit, ingewy. Op bladsy 9 word berig oor die wyer impak van dié twee geboue wat in die land se aanvraag na ingenieurs kan voorsien.

At the Music Department, the Hearing Landscapes Critically conference brought together great minds to ponder on music and landscape. On page 11, Prof Stephanus Muller writes about the impact of this new innovative research network.

Also, the Music Department launches its Unit for Early Music this month. Research into and the performance of Early Music has taken great strides, especially in the Western Cape. A unique concert will be held on 20 October to launch this new Unit. Read more on page 12.

Teen dié tyd ken almal die HOOP Projek se strewe en weet wat die impak daarvan is. Maar hoeveel van ons volg daardie strewe buite werksverband. Brandon Como, 'n koördineerder by die Sentrum vir Studentesake en meesterstudent in Internasionale Studies, vertel op bladsy 10 meer oor hoe hy "hoop laat gebeur" in die Eersterivier-gemeenskap waar hy grootgeword het.

*Kampusnuus* also chats to Prof Soraya Seedat, who was a category winner in the national Women in Science Awards.

Enjoy this issue of *Kampusnuus*.

Wayne

## KAMPUS klets

RSG's live broadcast from the Neelsie was a fantastic programme and an overall good discussion (see page 6). But let's be brave and speak about the things that really matters, and stop covering up. As Roelf Meyer so nicely put it, the older folk "has baggage" – let me tell you Roelf, even the younger folk has baggage. But well done with a great discussion. – *Ragmah*

Well done, Hippos! (See page 7.) Well deserved and enjoy the dairy products! Congratulations! You have done us proud. Wilgenhof, you were also GREAT! – *Benita van Zyl*

Ek is bly die volgende US Maties Markdag word beplan om al vyfuur te begin eerder as sesuur. Ek glo veel meer US-personeellede sal daar uitkom as ons sommer gou ná werk 'n draai kan gaan maak. Sukses!
– *Elzette Hansen*

Good news for USB for being rated highest in the annual PMR.africa national survey (see page 4). Let's sustain the lead. – *Farai Kuwonza*

What a great time I had at the Tygerberg Museum of Anatomy and at the SU Tygerberg Campus. Dit was fantasties!!! – *Bradley Brad Adonis*

Insake die RSG-uitsending (sien bladsy 6): Ja, dit is menings op besluite wat al klaar geneem is en nie gaan verander nie, menings wat van die skouers afgestof gaan word indien dit dalk te moeilik is om op te reageer. Ek was al by soiets en die mense wat saam met Lynette Francis by die tafel sit, kry BAIE meer lugtyd; ek dink daar was seker so vier opinies uit 'n hele Neelsie gevra. – *Sean Graham*

*You are welcome to write to* Kampusnuus. *Send a short letter to kampusnuus@sun.ac.za, fax 021 808 3800 or deliver at Admin B. A pseudonym may be used, provided that you supply your name and email/physicial address (not for publication).* Kampusnuus *reserves the right to shorten and edit letters. Comment on our SU Facebook page at www.facebook.com/stellenboschuniversity, or follow us on Twitter (stellenboschuni).*





# Ally is on track

*Mohamed Ally, Chief Sports Manager: Athletics, recently accompanied South Africa's senior athletics team as coach to the IAAF World Championships, something he has aspired to in his coaching career. He shares his experience there and his plans for Maties Athletics. By SONIKA LAMPRECHT*




**What I enjoy most about my work …** is being able to apply my mind to all the logistics involved in managing a club, from the daily admin to tours, as well as finding innovative ways to improve on performance.

**Some of the highlights of my time …** at SU include seeing the rejuvenation of events hosted at Coetzenburg – from the established Gino's night race to new events like the Summer Series and now the Moore Stephens night race. Other highlights are the increase in the number of international athletes training here in the summer and the interaction with coaches and athletes from around the world.

**My experience as team coach ...** of Athletics SA's senior team at the IAAF World Senior Championship was very motivating. To be amongst the best coaches and athletes in the world and the prospect of competing at that level was quite exciting. This is something every athlete or coach aspires to. The SA team worked well together, supporting each other all the way. We had a relatively young team with athletes that can fly the flag of South Africa well into the next 6 to 8 years. I was privileged to have had the opportunity to lead, inspire and motivate these youngsters. I learnt that we have the depth in talent and the coaching expertise required in South Africa and that we are on the right track.

**As a sports manager at Maties Athletics …** I would like to leave a legacy that sees athletes from around the country wanting to choose Stellenbosch as a destination to further their athletics and academic careers. I would also like to see the club achieve a top 3 finish in the Varsity Athletics event within the next two years. And I want to see Coetzenburg develop into a centre of excellence (sport medicine, sport science and sport performance) for top athletes from around South Africa, with coaches who are based here and provide the guidance for our future Olympians.

**I am an avid Formula 1 racing fan …** so I spend my free-time watching Formula 1, football and any other sport where we have a national interest. My wife and I love watching movies and my six-year-old son enjoys any outdoor activity, so I try and spend time with my family when possible, but with this job that is rare.

**What my colleagues probably don't know ...** about me is that I've always wanted to be a commercial pilot but I never followed that ambition as I never really had the opportunity. I have this weird attraction to the world of aviation even though I have a genuine fear of heights.



*Photos: STEFAN ELS*

# VinPro gee R5 miljoen vir wyn-instituut

Opleiding en navorsing in die wynbedryf sal nuwe momentum kry danksy 'n bydrae van R5 miljoen deur VinPro aan die US se Instituut vir Wingerd- en Wynkunde (IWW).

"VinPro ondersteun deur hierdie finansiële verbintenis die visie van die IWW om navorsing, opleiding, asook tegnologie-ontwikkeling en -oordrag in die wynbedryf wesenlik te verbeter deur onder meer groter kapasiteit by die US te skep," het Abrie Botha, voorsitter van VinPro (die verteenwoordigende organisasie vir SA wynprodusente en -kelders), einde Augustus tydens 'n tjekoorhandigingsgeleentheid in die Paarl gesê.




*Rico Basson, Uitvoerende Direkteur van VinPro; prof Marius Lambrechts, Voorsitter van die Raad van die IWW; Abrie Botha, Voorsitter van VinPro; en prof Maret du Toit, Voorsitter van die Departement Wingerd- en Wynkunde aan die US.*

VinPro se donasie behels R1 miljoen per jaar oor die volgende vyf jaar, met 'n gedeelte wat aangewend sal word vir die vestiging van die Instituut. Fokusareas sluit in die gesamentlike befondsing van sleutel-dosentposte in spesifieke velde, beurse vir meesters- en doktorsgrade, asook die kontraktering van personeel van die US om VinPro by te staan in praktiese tegnologie-oordrag.

Die IWW is twee jaar gelede op die been gebring en is 'n gesamentlike onderneming tussen onder meer die US, die wynbedryforganisasies VinPro en Winetech, asook private donateurs.

Prof Marius Lambrechts, voorsitter van die Instituut se raad, het VinPro en die wynbedryf bedank vir hul finansiële inspuiting en volgehoue vertroue in die inisiatief. "Die feit dat VinPro van meet af aan na die tafel gekom het, het as aansporing gedien vir ander instansies om ook betrokke te raak," sê hy.

# Another high rating for USB



*Dr Ulrich Schmitt*

Stellenbosch University's Business School, USB, has for the second year in a row been rated highest in the annual PMR.africa national survey on accredited business schools in South Africa. In making the results of the survey known, PMR.africa CEO Johan Hattingh said: "USB is highest rated on a mean score of 8,1 out of a possible 10." For this, the school will be awarded the Diamond Arrow Award, repeating a similar achievement in 2012.

This year the USB also managed to become the first business school of an African university to achieve the so-called "Triple Crown". This term refers to schools with all three international business school accreditations: EQUIS, AMBA and AACSB.

Meanwhile, USB has appointed two new professors extraordinary as well as four senior lecturers extraordinary, bringing with them expertise in various fields. The newly appointed professors extraordinary are Prof Willem Schurink (professor and expert in qualitative methodology) and Dr Ulrich Schmitt (knowledge management). The senior lecturers extraordinary are Dr Sarah Riordan (gender, organisational renewal and diversity management), Dr Carly Steyn (leadership development), Dr Steyn Heckroodt (systems thinking and entrepreneurship) and Dr Diane Bell (training of disabled persons and qualitative research).

# Prof Swanepoel leier van konsensusstudie



*Prof Frans Swanpoel*

Prof Frans Swanepoel, Adjunkdirekteur van die Afrika Doktorale Akademie (ADA), is aangestel as leier van 'n nasionale konsensusstudie om nuwe lewe in landbou-onderwys en -opleiding (LOO) in Suid-Afrika te blaas. ASSAf, die Suid-Afrikaanse Wetenskap-akademie onder wie se vaandel die konsensusstudie sal plaasvind, het die aanstelling gedoen.

ASSAf se konsensusstudies is daarop toegespits om die regering van bewysgegronde advies oor sake van kritieke nasionale belang te voorsien, ten einde kwessies van menslikekapitaalontwikkeling te hanteer. Die konsensuspaneel vir hierdie studie sal uit 12 kenners uit relevante wetenskaplike vakrigtings bestaan.

"Dit is vir my 'n eer om die hooggeplaaste ASSAf-konsensus-studiepaneel, en in die besonder hierdie kennersgroep, te lei om Suid-Afrika se LOO-uitdagings die hoof te bied. Ons beoog om met die studie die uitdagings, kwessies en prioriteite van LOO uit te wys en met voorstelle vir praktiese oplossings vorendag te kom wat die landbou- en hoëronderwyssektore kan help om LOO met die oog op menslike ontwikkeling te bevorder," sê Swanepoel.



# Universiteit ingenome met styging op ranglyste

"Die US is baie ingenome met sy styging in die nuutste QS World University Rankings, maar is ook bewus van die skeptisisme en bedenkinge wat soms oor internasionale ranglyste geopper word."

Só het prof Arnold Schoonwinkel, Viserektor (Leer en Onderrig), gereageer op die nuus dat die US nou posisie 387 op die ranglys beklee nadat dit verlede jaar in die algemene kategorie 401-450 gegroepeer was.

"Ons vertrekpunt is steeds dat die US nie kompromieë aangaan oor sy akademiese uitnemendheid nie, dat gehalte voorop gestel word, en dat die instansie nie sy programme en akademiese uitsette sodanig skoei om rangordes kunsmatig te probeer beïnvloed nie," sê Schoonwinkel.

"Dit is egter gepas dat Stellenbosch internasionale erkenning ontvang vir die gehalte en statuur van sy onderrig en navorsing. Deur ingesluit te word op internasionale ranglyste is erkenning vir die volgehoue harde werk van ons personeel en studente – wat moontlik gemaak word deur die ondersteuning van die staat, ouers, alumni, donateurs en navorsingsvennote."

Die Universiteit word die afgelope paar jaar ook ingesluit in The Times Higher Education World University Rankings. Die nuutste QS World University Rankings, wat in September bekend gemaak is, oorweeg 3 000 universiteite en evalueer 700 universiteite "wat dit die grootste en mees omvattend oefening van sy soort maak," aldus 'n mediavrystelling van die QS World University Rankings.

Dit is die eerste keer in 2004 saamgestel en bied 'n veelkantige blik op die relatiewe sterkpunte van die wêreld se voorste universiteite.

# SU staff members go big!

Staff members of Stellenbosch University celebrated Casual Day on 6 September with big spectacles, big bow ties, big hair and big hats.



*The team of the Division Human Resources with their colourful outfits that earned them the prize for the best dressed team.* Photos: STEFAN ELS

This year, the theme for Casual Day was "Go Big!" – and judging by the outfits SU staff members wore at the "Amazing Race" event held on the Rooiplein, they certainly went big.

The "Amazing Race" was organised to create awareness of disabilities. Twenty teams of six members each had to unravel riddles to move from one building on campus to another. But three of the team members had a "disability": one was in a wheelchair, the other was blindfolded and a third team member wore earplugs.

All six team members had to arrive simultaneously at each building, amongst others Admin B and C, the Conservatoire and the Neelsie. They received their clue and then had to move on to the next building. An official accompanied them on their route, kept time and made sure they did not cheat.

The objective was to give people an experience of how disabled people move about on campus and how accessible or not buildings on campus are. Dr Jerome Slamat, Senior Director: Community Interaction, welcomed staff and students at the race and said the event is a result of SU's new institutional intent to make the University an inclusive institution. "Inclusivity means that everyone has physical access to all the facilities and is not hindered from moving around on campus," said Slamat.



*Staff of the Vehicle Pool in their bright and big outfits on Casual Day.*

Before the race started, six teams strut their stuff on the "catwalk" to show off their costumes and compete for the prize for the best dressed team. The winning team was the Human Resources Division with their bright clown and baby outfits. In the second place was the Vehicle Pool.

The team of the Department of Biochemistry completed the "Amazing Race" in the shortest time, while Irene women's residence and the Vehicle Pool were in second and third place respectively.

# RSG saai regstreeks uit vanaf US




*Die paneel tydens die regstreekse uitsending van die RSG-program* Praat Saam, *aangebied deur Lynette Francis (heel regs), vanuit die Neelsie.* *Foto: JUSTIN ALBERTS*

'n Twee uur lange regstreekse uitsending vanaf die US is begin September op RSG uitgesaai waarin 'n paneel oor 'n Suid-Afrikaanse identiteit gedebatteer het.

Die RSG-program *Praat Saam* is deur die gewilde Lynette Francis aangebied en personeellede en studente kon in die Neelsie aan die gesprek deelneem.

Dié uitsending op 4 September was die tweede in 'n reeks denkleierskaps-programme oor aktuele onderwerpe aangebied deur RSG en die US. Die eerste uitsending was op 2 Augustus, ook oor die Suid-Afrikaanse identiteit. Dit skakel in by die reeks denkleierskapsgesprekke wat die US-Rektor, prof Russel Botman, in die tweede helfte van vanjaar byeenroep.

Die algemene strekking van die paneelbespreking was dat die bou van 'n Suid-Afrikaanse identiteit onder meer sal afhang van ons bereidwilligheid om na mekaar te luister en mekaar beter te leer ken.

Botman het gesê ons praat te min oor ons Suid-Afrikaanse identiteit. "Ons moet saam soek na wie ons is en begin vra wat bring ons nader aan mekaar."

Die oudminister en politieke ontleder Roelf Meyer het gesê: "Ons kan 'n Suid-Afrikaanse identiteit bou deur mekaar te leer ken, te respekteer en te vertrou."

Hy het veral die jonger generasie aangemoedig om te help met die ontwikkeling van 'n Suid-Afrikaanse identiteit.

Vir Nokwanda Malumbete, 'n vierdejaarstudent in die regte op die paneel, kan openhartige gesprekvoering help om 'n Suid-Afrikaanse identiteit te bou. In aansluiting hierby het Eleanor Swartz van die Instituut vir Geregtigheid en Versoening gesê hoewel identiteit en diversiteit binne die Suid-Afrikaanse konteks kompleks is, moet ons nie bang wees om daaroor te praat nie.

Prof Julian Sonn, 'n kenner op die gebied van leierskap en verbonde aan die US Bestuurskool, het ook die belangrikheid van eerlike gesprekvoering vir die bou van 'n Suid-Afrikaanse identiteit beklemtoon.

## MCS programme best in the country

Matie Community Service's (MCS) Adult Education and Training (AET) programme has been named the best in the country at the recent 2013 National Adult Learners' Week Awards held in Gauteng. This is the second time in four years that MCS received this prestigious prize.

The awards ceremony is an annual event hosted by the Adult Learning Network (ALN) South Africa, a national network structure that promotes adult literacy, basic education and lifelong learning.

The AET programme was launched in 1991 to develop the lives of farm workers, illiterate and semi-illiterate adults, the unemployed, people with disabilities, and out-of-school youth through skills development and education. For the past two years matric classes have also been offered.

Gareth Cornelissen, Head of the MCS, says this achievement is well-deserved. "MCS is very proud of the achievement of our AET learners and educators under the leadership of programme manager, Linda Jacobs. This is a reward for their hard work."

• Matie student volunteers were also honoured recently for their contributions to the community at the closing ceremony of MCS's One-Stop Service. A total of 34 student volunteers and leaders were awarded certificates in recognition of their volunteer hours in the community, while 69 students received certificates for completing the course in Leadership through Community Interaction.

## Matie named cricketer of the year



*Uwe Birkenstock*

Uwe Birkenstock, a member of the Steinhoff Maties first cricket team, was named Cricket South Africa's Student Cricketer of the Year at an awards breakfast function held at the Wanderers in Johannesburg on 10 September.

Birkenstock, a top order batsman, enjoyed a fine season on various fronts. He was named a member of the national USSA team as well as Boland's Cricketer of the Year.

He has represented Maties since 2009 and will be available for the club again during the forthcoming 2013/14 season. His batting average of 40,86 in 39 first-class matches is indicative of his status as one of the most promising players in the Western Cape. He is currently also contracted by the Cape Cobras franchise.

"Maties Cricket is very proud of Uwe's achievement, particularly since he has played an important role in the club's recent success," says Ludwig Gerstner, Sports Manager of Maties Cricket. "We have the utmost confidence in his abilities and believe that he will build on this success."



# Dekaansfonds gee hupstoot vir EBW-studente

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW) het begin September 'n alumni-netwerk-geleentheid gehou waar alumni aangemoedig is om by te dra tot 'n beursfonds wat huidige studente se studies help befonds.

"As een van ons alumni, is dit in u mag om 'n toegewyde student die geleentheid te gee om vir een van ons programme in te skryf," het prof Johann De Villiers aan die gehoor gesê. "U kan die volgende geslag sakelui help deur die Dekaansfonds te steun."

Sedert 2012 het die Fakulteit R3 miljoen uit sy eie begroting beskikbaar gestel en 74 voorgraadse studente van aanvullende beurse voorsien om hul klas- en verblyfkoste te help dek. Met sowat 4 230 voorgraadse studente is EBW die grootste US-fakulteit.

"Deur finansiële struikelblokke uit die weg te ruim en ons studentesukseskoers 'n hupstoot te gee, verstewig ons ook die toekomstige voorsieningsbron van ons nagraadse programme," het De Villiers gesê.

Die fakulteit se huidige belegging is egter nie genoeg om in studente se toenemende finansiële behoeftes te voorsien nie. As 'n teenvoeter vir van die finansiële uitdagings, en om die beste studente van regoor die land te trek, is 'n fakulteitsgebaseerde beursfonds vir voorgraadse studente op die been gebring. Die Dekaansfonds, wat geld beskikbaar stel aan akademies verdienstelike en finansieel behoeftige studente, sal staatmaak op bydraes deur donateurs en alumni.



*Prof Johann de Villiers, Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Amarel Schoonraad en Thys du Toit, Voorsitter van die Stellenbosch Trust, het die alumni-geleentheid bygewoon. Al drie is oudstudente van die fakulteit.*



*Hippokrates Ladies (above) won the national university Sêr Ladies' Competition for the second time in a row on Saturday, 31 August. They also won prizes for the best prescribed song and best own composition. The competition was hosted by the North West University in Potchefstroom. Wilgenhof came second in all three categories – overall, best prescribed song and best own composition. The men's competition was won by Sonop from Pretoria.* *Photo: BERNARD BRAVENBOER*

# Akwakultuur neem die voortou

Die elfde konferensie van die Akwakultuur Vereniging van Suidelike Afrika (AASA) is in September by die US gehou.

Die boodskap hier was duidelik: In pas met die groeiende wêreldwye aanvraag na vis en ander waterlewende spesies as 'n bron van voedsel, is die Suid-Afrikaanse akwakultuurbedryf gereed om toenemend 'n sleutelrol te speel as werkskepper in die plaaslike landbousektor.

Die tema van die driedaagse konferensie was "Van visplaas tot bord". Dit is aangebied deur die Akwakultuur-afdeling van die US Departement Genetika en rolspelers vanuit die regering, akademie, die navorsings- en die bedryfswêreld het dit bygewoon.

Onderwerpe soos broei- en uitgroeitegnieke, akwaponiese stelsels en aspekte verwant aan teling, genetika, genomika, voeding, ekonomiese bestuur, siektes en nuwe spesies is bespreek.

In sy verwelkomingstoespraak het prof Mohammad Karaan, Dekaan van die US se Fakulteit AgriWetenskappe, gesê akwakultuur, in terme van Suid-Afrika se Nasionale Ontwikkelingsprogram (NOP), speel 'n al hoe belangriker rol om te verseker dat die landbousektor die NOP se groeimikpunte van 1 miljoen werksgeleenthede haal wat vir die bedryf gestel is.



*Onder die sprekers was Rodger Krohn (Voorsitter van AASA), prof Mohammed Karaan (Dekaan: Fakulteit AgriWetenskappe), prof Peter Britz (Rhodes-universiteit), dr Kevan Main (President van die Wêreld- Akwakultuurvereniging), prof Abdel-Fattah M. El-Sayed (Universiteit van Alexandria, Egipte) en Henk Stander (konferensie medevoorsitter van die US).* *Foto: ENGELA DUVENAGE*

Suid-Afrika is die tweede grootste uitvoerder van akwakultuur-geproduseerde voedsel in die Suider-Afrikaanse streek. Suid-Afrikaners eet egter gemiddeld 6,5kg vis, oesters, mossels en ander akwakultuurspesies per jaar, vergeleke met die wêreld-gemiddeld van 19kg per persoon.

Sewe nuwe akwakultuurprojekte is onlangs deur die Akwakultuur Ontwikkelings- en Bevorderingsprogram (ADEP) goedgekeur, met nog vyf wat in die pyplyn is.

# Laat wiel

*Omgewingsvriendelike vervoer is een van die hoofprioriteite in die Universiteit Stellenbosch se Mobiliteitsplan. Kampusnuus vertel jou die jongste oor die Matie Fietse se gewildheid en 'n nuwe "groen" parkeerarea.*

Kyk 'n bietjie om jou rond op kampus: jy behoort 382 personeellede en studente te sien wat op die kenmerkende blou Matie Fietse ry. Hierdie fietse word verhuur as deel van die Universiteit se Mobiliteitsplan ten einde die koolstofvoetspoor te verminder en die tekort aan parkering aan te spreek.

"Ons het die fietse verlede jaar vir die eerste keer verhuur, maar dit is nou al so gewild dat dit alles teen Januarie vanjaar vir hierdie jaar uitverhuur was. In 2012 was dit hoofsaaklik internasionale studente wat die fietse gehuur het, maar vanjaar is dit 'n gelykop verdeling tussen internasionale en plaaslike studente. En moenie van die personeellede vergeet nie," vertel Roelof Loubser, Mobiliteitsbestuurder.

Die blou fietse is van Nederland ingevoer en omdat die Stellenbosch-kampus nie juis heuwels en opdraande het nie, is dit maklik om tussen geboue rond te beweeg. "Ons kry baie goeie terugvoer van die fietsryers. Hulle sê dit is bekostigbaar, gerieflik en dit is *cool* om daarop gesien te word. Ons kan net nie voorbly om aan die versoeke vir fietse te voldoen nie," sê Loubser.

Daar word voorsiening gemaak vir die veiligheid van fietse met die oprigting van veilige fietsloodse wat met kameras gemonitor word. Elke fietsryer wat sy fiets registreer, kry toegang tot die fietsloods. Só 'n fietsloods is reeds by die Lettere-gebou opgerig. Verdere fietsloodse word beplan vir die sentraalkampus en daar is ook steeds fietsrakke beskikbaar.

Volgens Loubser moet jy gou spring aan die begin van aanstaande jaar om te verseker jy kan 'n Matie Fiets vir die jaar huur. "Nuwe kontrakte kan weer van Januarie 2014 aangegaan word. Mense wat tans kontrakte het, moet weer 'n nuwe kontrak uitneem en ook weer 'n terugbetaalbare deposito van R1 000 betaal," sê hy.

Ander maniere van vervoer word ook op kampus aangemoedig as deel van die strewe na 'n volhoubare omgewing. Personeellede en studente word aangemoedig om op sentraalkampus te stap, om in saamry-klubs te ry, op die periferie van die kampus te parkeer, of met die US pendelbussies te ry.

## Meer parkeerplek

Die nuwe parkeerarea agter die Ingenieurskompleks is 'n belangrike stap vorentoe in terme van die US se Mobiliteitsplan.

Volgens Schalk Opperman, Direkteur van Beplanning en Ontwikkeling in die US se Afdeling Fasiliteitsbestuur, maak dié parkeerarea voorsiening vir 360 parkeerplekke vir studente en personeellede. 'n Nuwe verkeersirkel in Hammanshandweg is ook aangebring om die verkeer in dié besige straat te kalmeer, terwyl valhefbome en ekstra beligting die parkeerarea beveilig.

Eenhonderd bome, waarvan 90% inheemse bome is, is in samewerking met die Bosbou-departement geplant om die koolstofvoetspoor te verminder.

Voorsiening is ook gemaak vir toekomstige uitbreiding deurdat 'n bushalte by die parkeerarea gevoeg is.

"Sodoende kan moontlike publieke vervoer- of pendeldienste ingespan word om die tekorte aan parkering in Stellenbosch aan te spreek," sê Opperman.

Besoek *www.sun.ac.za/Volhoubaarheid*



*Weens die afskaling van sy staatsubsidie het die WAT die afgelope tien jaar nie meer 'n algemene assistent in diens nie. Dr Willem Botha, hoofredakteur en uitvoerende direkteur, het egter besluit om die afleweringsfiets ná 'n dekade van onbruik self te begin gebruik wanneer hy drie maal per week poskantoor toe gaan.*



*Die nuwe parkeerarea by die Ingenieurskompleks maak voorsiening vir 360 parkeerplekke.* Foto: STEFAN ELS



# Imposant én funksioneel

*Twee nuwe geboue van die US se Fakulteit Ingenieurswese, die Kennissentrum en die Proses-ingenieurswese-Anneks, is in September amptelik geopen – nog 'n voorbeeld van die US se toewyding om moderne en funksionele "groen" geboue op kampus op te rig.*




*Die indrukwekkende Ingenieurs- en Bosboubiblioteek.*
Foto's: STEFAN ELS

Die nuwe Kennissentrum en Prosesingenieurswese-Anneks op die Stellenbosch-kampus is imposante strukture met reuse-vensters en sterk lyn.

Eersgenoemde huisves die hipermoderne Ingenieurs- en Bosboubiblioteek, twee groot lesingslokale, en twee navorsingsentra – die Sentrum vir Volhoubare en Hernubare Energiestudies (CRSES) en die MIH Medialaboratorium – terwyl die Prosesingenieurswese-Anneks addisionele laboratoria, tutoriaalareas en kantore insluit.

Albei geboue is volgens groen beginsels ontwerp. "Die twee moderne geboue is 'n toonbeeld van die bevordering van 'n volhoubare omgewing, en sluit nou aan by die US se HOOP Projek. Albei geboue dra uitstekend by tot die opleiding van topgehalte ingenieurs in Suid-Afrika," sê prof Hansie Knoetze, Dekaan van Ingenieurswese.

Volgens hom was die uitbreidings noodsaaklik. "Die fakulteit se studentegetalle het die afgelope ses jaar feitlik verdubbel. Dit is die eerste beduidende toevoegings tot die Ingenieurswese-kompleks sedert dit in die 1970's voltooi is. Ons is trots om die jongste toevoegings bekend te stel. Dit gaan ons beslis help om 'n beter fakulteit te word," sê hy.

Die Kennissentrum beslaan vier verdiepings, waarvan die Ingenieurs- en Bosboubiblioteek op twee verdiepings gehuisves word. Op die derde verdieping is twee groot lesingsale en op die vierde is die MIH Media-laboratorium en die CRSES. Die biblioteek is ultra-modern met groot vensters wat baie lig deurlaat, en die ontblote pype, traprelings van metaal en betonmure wys dit is 'n gebou vir voornemende ingenieurs. Hier is ook ruim van hout gebruik gemaak om bosbou te weerspieël.

Afgesien van die tradisionele handboeke en ander naslaanmateriaal, beskik die biblioteek ook oor die jongste elektroniese databasisse, e-joernale en e-boeke. Daar is twee seminaarkamers wat vir groepwerk aangewend word.

Meer as 30 rekenaars is beskikbaar vir studente, en 'n moderne, interaktiewe elektroniese klaskamer met 25 rekenaars kan gebruik word òf as rekenaarsgebruikersarea vir studente, òf vir lesings en ander opleiding. Koppelpunte is beskikbaar vir studente wat hul eie skootrekenaars wil gebruik.

Corinna Truter, hoof van die Ingenieurs- en Bosboubiblioteek, sê die nuwe biblioteek is uiters gewild onder studente. "Sedert die nuwe biblioteek verlede jaar in gebruik geneem is, het die gemiddelde aantal besoeke per maand van 5 000 na 20 000 opgeskiet."

## Bedryfsielkunde-gebou opgeknap

Die Bedryfsielkunde-gebou op die Stellenbosch-kampus is onlangs opgeknap en gemoderniseer. Die gebou spog nou met heelwat nuwe tegnologiese en volhoubaarheidselemente.

'n Nuwe standaard internetkabelstelsel, CAT5, is in die gebou gebruik. "Dié kabelstelsel is duursaam, bekostigbaar, veelsydig en verbeter gebruikers se internetspoed aansienlik," sê Schalk Opperman, Direkteur van Beplanning en Ontwikkeling in die US se Afdeling Fasiliteitsbestuur.

Nuwe elektriese bedrading en beter watertoevoer is nog 'n stap tot meer volhoubare omgewings en geboue. Energiebesparing word ook bewerkstellig deur die vervanging van ou beligting en gloeilampe – dié gloeilampe sal glo 16 jaar hou. "Hoewel die gebou gemoderniseer is, is Fasiliteitsbestuur trots op die herwinningsfaktore en die manier waarop oud en nuut mekaar komplementeer. Die koperhandvatsels en -plate is herwin en weer in die gebou gebruik," sê Opperman.



*Die nuwe biblioteek bied 'n moderne studie-omgewing vir ingenieurstudente.*

# 'n Boodskap van hoop

*Die Universiteit Stellenbosch se HOOP Projek was al die inspirasie vir vele projekte en navorsingsinisiatiewe. Maar nou het 'n US-personeellid besluit om die boodskap van hoop na sy eie gemeenskap te neem. PIA NÄNNY vertel meer.*

Dit is 'n boodskap van hoop wat Brandon Como, 'n koördineerder by die Sentrum vir Studentesake en meesterstudent in Internasionale Studies, op sy 28ste verjaardag na sy tuisdorp geneem het.

In 'n poging om die doelwitte van die US se HOOP Projek verder te laat uitkring, het Como besluit om in sy persoonlike hoedanigheid 'n gemeenskapsprojek in Eersterivier van stapel te stuur.

> *“Ek het doelbewus betrokke geraak by 'n projek in my tuisdorp, Eersterivier, om só die boodskap uit te dra dat ons nie moet vergeet waar ons vandaan kom nie.”*

“Ek wil die vaardighede en kontakte wat ek hier op Stellenbosch opgedoen het, gebruik om iets terug te gee aan die gemeenskap waar ek grootgeword het,” vertel Como.

Hy het op sy verjaardag op 28 Augustus (sy kroonverjaardag) 'n groot partytjie in sy alma mater, Hoërskool Eersterivier, se skoolsaal gehou waar hy twee bene van sy projek bekendgestel het: 'n voedselbank en 'n kapasiteitsbouprogram vir die Verteenwoordigende Raad van Leerders van dié skool.

Die 98 mense wat die geleentheid bygewoon het, het nie verjaardaggeskenke gebring nie, maar eerder 'n bydrae vir die Voedselbank. Altesame 788 items is só ingesamel. Kospakkies sal saamgestel en elke maand aan drie huisgesinne gegee word.

Como het die vorige jaar 'n studie onderneem waar hy met mense in sy gemeenskap gesels het, en het gevind baie van hulle het hoop verloor. Daarom was die kern van sy verjaardagboodskap, wat saamgeval het met die 50ste herdenking van Martin Luther King se “Ek het 'n droom”-toespraak: “Kom ons word 'n gemeenskap van geleenthede”.

Hy het mense aangemoedig om te gebruik wat hulle het en saam te werk om hul situasie te verbeter. Daarom word sy projek ook “For the community, by the community” genoem. Naas die voedselbank en die leierskapsontwikkelingsprojek sal Como ook help om die tien sterkste akademiese kandidate by die judo-, sokker- en atletiekklub te identifiseer en hierdie leerders sal dan die geleentheid kry om aan 'n lewensvaardighede-kursus deel te neem.

Como wil personeellede en studente van die US graag bewus maak dat die HOOP Projek ook uit ons as individue bestaan, uit ons daaglikse interaksie met mense rondom ons en die bydrae wat ons tot die samelewing maak.

“Ek het doelbewus betrokke geraak by 'n projek in my tuisdorp, Eersterivier, om só die boodskap uit te dra dat ons nie moet vergeet van die gemeenskappe waar ons vandaan kom en die hulp wat daardie gemeenskappe nodig het nie.”

Hy vertel dat hy tydens sy tyd as US-studenteraadslid gereeld gevra is wat sy definisie van 'n Matie is. Vir hom was dit nie 'n soen in Die Laan, 'n akker wat op sy kop val, of om 'n vak te sleep nie.

Sy doelwit was om soveel moontlik kennis en vaardighede op te doen sodat hy dit kan gebruik om mense se lewe te verbeter.



*Brandon Como* Foto: PIA NÄNNY



*Die kos wat op die aand van Como se verjaardagpartytjie vir die Voedselbank ingesamel is.*



*Como saam met leerders van sy alma mater, Hoërskool Eersterivier.*



# Sounds of a landscape

*The interplay of music and landscape was addressed at a conference hosted at SU's Music Department. Prof STEPHANUS MULLER gives an overview.*

The Hearing Landscapes Critically Conference (HLC) took place at the Department of Music from 8 to 11 September. Envisioned as the second event in a series of three intercontinental academic and artistic events (the first was in Oxford in 2012 and the third is planned at Harvard in 2015), the Stellenbosch conference represented the southern perspective of a triangulated exploration into the meanings of landscape and sound.

Coinciding with the centenary of the Land Act of 1913, it is hardly surprising that the question of land (ownership, redistribution, habitation, separation, etc.) emerged as central to the way delegates and artists engaged with landscape and sound at this conference. Over the course of three days, approximately 100 delegates attended 45 academic papers, four musical performances, two druid walks, two film screenings and three exhibitions.

The major challenge of thinking critically about hearing landscape is one of definition. As the programme committee chose to keep concepts open and disciplinary boundaries fluid, the coherence of discourse had to be carefully negotiated.


Although music and sound was foregrounded in approaching landscape intellectually and artistically, perspectives were invited from Social Anthropology (Prof Cherryl Walker of SU was one of two keynote speakers), Visual Arts (Willem Boshoff presented two druid walks), Constitutional Law (Justice Edwin Cameron presented a response to Aryan Kaganof's film *The Exhibition of Vandalism*), and Cultural Geography (Dr George Revill from the Open University in the UK was an observer).

Musical performances of jazz, protest songs, Afrikaans *langarm* traditions, new music and folk resisted any claim to singularity of landscape approaches in sound, while exhibitions on the Eoan opera group, pottery and immersive sound ensured that the landscape concerns of music were not confined to insular performance spaces.

Attempts were also made to consider how composers approached landscape in their work, with Neo Muyanga, Fiona Tozer, Hendrik Hofmeyr, Theo Herbst and Hans Huyssen sharing and debating ideas on the way their music interacted with landscape and its concomitant concerns.

Apart from the urgent imperatives of land-related problems that framed this event (whether or not the event reflected this urgency or not, is another question altogether), the South African contribution to this much larger exploration of concepts and ideas has to be the sheer variety of perspectives and concerns that emerged in papers and performances. This variety does more to complicate matters than to resolve them, suggesting that the energies unleashed during this conference will reverberate in unexpected and hopefully intensified engagements with the complexities implied by the auditory privileging of landscape here and elsewhere.

This, in turn, promises a stake for Southern perspectives in a discourse intellectually and economically driven from the North. In this regard, it seems reasonable to assume that the role of the HLC Stellenbosch conference will be important in the future developments of this growing interdisciplinary conversation on music and landscape.



*The installation of clay objects and soud,* Klei-klank – The hearing of a kla' landscape, *by artists Hannelore Olivier and Laura du Toit in the Endler Hall.* Photo: WAYNE MULLER

# Unit for Early Music launches




*Prof Martin Berger*

Stellenbosch University's Department of Music will launch its newly established Unit for Early Music on Sunday, 20 October.

This Unit will become the hub for all activities related to Early Music and historically informed performance practice, which will foster partnerships and exchange with early music initiatives and expertise on both a local and international level.

At the inauguration of the Unit, music by the German composer Heinrich Schütz (1585–1672) will be performed by the Schola Cantorum choir with voice students of the Music Department as soloists. An ensemble of local and German musicians will accompany the singers.

Early-music instruments, such as cornets and sackbuts, will form part of the ensemble.

The musicians will perform under the baton of Prof Martin Berger, who joined the Music Department in April as Senior Lecturer in Choral Conducting and who will head the Unit for Early Music.

Originally from Germany, Berger is a versatile conductor and is sought after as guest conductor, lecturer, master class presenter and adjudicator. During his eleven years as Director of Music at the Würzburg Cathedral, he transformed the Würzburger Dommusik into one of the foremost institutions for church music in Germany.

In 2008, Berger joined the Robert-Schumann-Hochschule in Düsseldorf as Professor of Choral Conducting and Choral Education.

Asked why he chose to move to South Africa, Berger said: "I fell in love with the country when I first visited in 1996. There is a wonderful diverse musicality here, and such incredible potential. I feel privileged to share my expertise with a music department which offers me the opportunity to expand my skills and experience."

He is also busy with plans for upgrading the conducting course and Schola Cantorum, the academic choir of the Music Department.

The inaugural concert of the Unit for Early Music will be held on Sunday, 20 October at 16:30 in the Endler Hall of the SU Conservatoire. Tickets are available at the door.



## Etenstyd

Net so skuins agter Stellenbosch se Dros kan jy die naam House of Curries op 'n naambord sien uitsteek. En soos die naam aandui, is dit waar jy kerrie in al sy vorme en met allerlei bykosse kan verwag.

House of Curries spog met 'n lang lys van verskillende tipes kerrie van matig tot mondbrand-warm. Jy het boonop 'n keuse van vleis (van lam en hoender tot steurgarnale) of vegetaries.

As voorgereg kan jy byvoorbeeld 'n keuse van pikante samoesas kry.

Die tipes kerrie sluit in tikka masala, korma, madras en die baie sterk vindaloo, vir dié wat nie skrik vir brandrissies nie. Benewens kerrie is daar ook kebabs.

Saam met jou kerrie kom rys of roti, en moenie vergeet van poppadams en sambalslaai om jou maaltyd te komplementeer nie.

En as jy 'n soetdingetjie nodig het om die brand in jou mond te stil, daar is kaaskoek, wortelkoek en roomys.



*Kuns, kos en luisterboeke is hierdie maand die spyse. As jy in die bui is vir Indiese kos, gaan loer in by House of Curries. In die US Sasol-kunsmuseum is 'n uitstalling deur die plaaslike kunstenaar Vivian van der Merwe te sien, of ervaar 'n nuwe manier van lees met luisterboeke.*

## Lees

Die skoonheid van Stellenbosch word onder leiding van 'n nagraadse student as 'n multimediaprojek in foto's, films van 'n minuut lank, en twaalf luisterverhale van 30 minute elk vir 'n internasionale gehoor vasgelê.

Rentia Bartlett-Möhl (foto), 'n meesterstudent in die US se Departement Afrikaans en Nederlands, is die koördineerder van die Stellenbosch citybooks-projek. Dit is 'n uitvloeisel van 'n groter projek van die Vlaams-Nederlandse kultuurhuis Huis deBuren in Brussel waardeur stede op dié manier in die kollig geplaas word.

Bartlett-Möhl het tydens 'n ses maande lange internskap by deBuren met die citybooks-konsep kennis gemaak. Daar was reeds projekte oor Grahamstad en Johannesburg, en Suid-Afrikaners soos Toast Coetzer, Ronelda Kamfer en Ingrid Winterbach het ook reeds luisterboeke geskryf. Met haar agtergrond was Bartlett-Möhl die aangewese persoon om die Stellenbosch-projek te koördineer.

"Vir die projek het vyf skrywers – die Vlaming Saskia de Coster, die Nederlander Arjen Duinker en drie Suid-Afrikaners (Marlene van Niekerk, Clinton V du Plessis en ek) bydraes gelewer. Die Woordfees, wat goeie skakels met Nederlandse en Belgiese skrywers het, is ons vennoot en die skrywers is gekies omdat hulle vanjaar by die Woordfees opgetree het," sê Bartlett-Möhl.



Die fotograaf Stefan Arno Möhl het 'n reeks stadsportrette gemaak en die studente van die Departemente Joernalistiek en Visuele Kunste het 'n reeks "cityoneminutes" gemaak – kort een minuut lange rolprente wat 'n dag in Stellenbosch verteenwoordig.

"Die studente kon enigiets – mense, geboue, strate of natuurtonele – vanuit enige perspektief afneem, op voorwaarde dat dit op 'n bepaalde tyd afgeneem word en dat dit iets of iemand in Stellenbosch is."

Die teikenmark vir die projek is "enigiemand wat belangstel in letterkunde, graag lees en dalk 'n alternatiewe medium soos luisterboeke wil probeer". Elke verhaal is net 30 minute lank en kan dus in die motor op pad werk toe, op 'n oefenfiets, of voor slaaptyd geluister word.

Besoek die webblad www.citybooks.eu vir meer inligting. – STEPHANIE NIEUWOUDT

## Look

An exhibition entitled *Form|Stilte* by Cape Town-born artist Vivian van der Merwe can be seen at SU's Sasol Art Museum. The exhibition runs until 26 October.

Van der Merwe was born in 1956 and spent his childhood and school years in the Cape, Gauteng and KwaZulu-Natal regions. Despite having had no early art tuition, his earliest work demonstrates artistic prodigy.

In 1980 he completed his undergraduate studies in fine art, studying painting under Stanley Pinker at the Michaelis School of Fine Art at the University of Cape Town. He was later awarded the Master of Fine Art Degree in 1983. Apart from his politically charged prints and drawings (1973 and 1974), Van der Merwe's early works (1976 to 1981) expressed a remarkable aptitude for high realism, and at times extreme naturalism, a sort of 20th century tribute to his own Dutch and Flemish heritage.

During the decade from 1978 to 1988 Van der Merwe's painting became increasingly abstract, with a gradual yet highly conscious deconstructing of the rules, norms and conventions of pictorial representation. This affirmation of the structure of pictorial space, and the abstract and plastic language of the art of painting was an expression of his increasing preoccupation with the nature and meaning of form in painting.

In later work, the still-life objects are no longer obvious. They exist as highly refined residual or structural elements, resonating discreetly through shape, colour, light and texture. It is this later work for which he is best known and respected. Despite his eclectic and somewhat postmodernist re-affirmation of Eurocentric precedents, his art remains difficult to place in a particular stylistic category.

It has been said that "artistically he occupies a place somewhere beyond Morandi and Ben Nicholson".

Van der Merwe has lived and worked in Stellenbosch since 1995.



*Still life with metronome – Homage to Matisse*

# Be a sport

*This month, Human Resources Wellness will be hosting a sports day for SU staff members. So put on your sporting gear and join in the fun – from shooting goals to hunting for treasures.*

DIARISE

DATE: 25 October 2013

VENUE:
Coetzenburg Sports area
("Die Stal")

TIME: 12:00 to 16:00

Playing sport does not only keep you in good health, it is also a way of building some team spirit and socialising. For this reason, Human Resources Wellness will host a sports day on Friday, 25 October.

"The recent health screening results of the Wellness open days showed there is a lack of physical activity amongst SU staff members, which can be a lifestyle risk factor. We therefore decided to host a sports day where we expose staff to different activities which could contribute to their overall well-being, specifically the physical and social wellness," says Maureen Kennedy, SU's Wellness Manager.

All staff members can participate in the sports day, which Kennedy says will be great fun.

Each faculty and support division is encouraged to enter teams to participate in the various sporting activities, which are a 5km fun walk, soccer penalty shootouts, netball shootouts, goal ball and a treasure hunt.

Each activity will require five to six members, except the fun walk, which requires 10 team members.

"The concept of working within faculties and divisions adds a team-building element, which plays a major role in developing the psycho-social qualities that contribute to wellness. The activities require minimal levels of fitness and are also open to staff with disabilities," says Kennedy.

## How does it work?

The fun walk, soccer and netball shootout we are all familiar with, but the goal ball and treasure hunt needs some introduction.

A goal ball team will consist of three players plus a coach, with the players being blindfolded. The ball will have a bell in it and will be rolled by the attacking team. The defending team must prevent their opponents from getting the ball pass the (defence) goal line. Teams will alternate between attack and defence.

Each match will last four minutes and the team with the highest score wins.

For the treasure hunt, each team will receive a series of clues and a map. They have to complete a series of tasks that ultimately lead the winning team to a "treasure", which is their reward to share with their colleagues.

The teams must have at least one member that can cycle and the rest of the members shall be required to walk, jog or run around the campus in order to complete the tasks.

The event will end off with a braai where staff members can enjoy their prizes, mingle and brainstorm about the next sport day!

More information:
*maureenk@sun.ac.za*
or *joostem@sun.ac.za*







# Committed to science

*Prof Soraya Seedat of Stellenbosch University's Faculty of Medicine and Health Sciences was chosen as winner in the category for distinguished women scientists in life sciences at the annual Women in Science Awards. ALEC BASSON spoke to her.*



*Prof Soraya Seedat Photo: STEFAN ELS*

Having devoted much of her career to psychiatry and anxiety disorders, Prof Soraya Seedat, Chair of the Department of Psychiatry in SU's Faculty of Medicine and Health Sciences, is delighted and proud to have emerged as a winner at the 2013 Women in Science Awards held recently.

No stranger to raking in awards, Seedat won the category for distinguished women scientist in the life sciences for her outstanding contributions in the field of post-traumatic stress disorder (PTSD).

She says this award acknowledges the contribution and commitment of the talented and aspirant young women researchers in her team. "I am thrilled that the Department of Science and Technology and Minister Derek Hanekom had made a serious investment in women scientists at all levels, particularly in the health sciences."

> *"Post-traumatic stress disorder is a very disabling disorder that can occur after you have been through a traumatic event, such as physical or sexual assault, serious accidents, terrorist attacks and combat exposure."*

Apart from chairing SU's Department of Psychiatry, Seedat co-directs the Medical Research Council (MRC) Unit on Anxiety Disorders and holds the SARChI (South African Research Chair Initiative) Research Chair in Post-traumatic Stress. She has already established a research programme that focuses more closely on the impact of traumatic stress and PTSD across the lifespan.

"Post-traumatic stress disorder is a very disabling disorder that can occur after you have been through a traumatic event, such as physical or sexual assault, serious accidents, terrorist attacks and combat exposure.

"In many instances, PTSD causes more distress and disability than medical conditions such as heart disease and cancer. People who develop PTSD have very high rates of depression and alcohol and drug problems, which adds to this disability," she says.

However, Seedat points out that while most people will have some stress-related reactions after a traumatic event, not everyone gets PTSD. Why this happens is still unclear, she says, but a study of brain and body mechanisms that underlie abnormal responses to life-threatening traumatic events may offer valuable clues.

As to what keeps her motivated to continue on her path, Seedat points to the discovery of new information about the disorder over the last 10 years, as well as sophisticated technologies to address it. "This increases our potential – exponentially – to develop new and better ways of treating and preventing PTSD," she says.


Not surprisingly, her research aims to discover more precisely the root causes of PTSD to identify medication and non-medication treatments for people with the disorder.

And what is her message to young women who aspire to be eminent scientists one day?

"Stay focused, be tenacious, and seek the guidance and help of your mentor in 'pathing out' your research career at an early stage. There are many wonderful opportunities – both in academia and in the industry – for young female medical scientists."

## More on Prof Seedat

- She has earned awards and fellowships from the World Federation of the Society of Biological Psychiatry, the Medical Research Council, the Anxiety Disorders Association of America, and the Humboldt Foundation.
- Her career includes being a medical officer at Lentegeur Hospital in Mitchells Plain, a clinician in the United Kingdom and a research fellow in America.
- She is also editor of the *Journal of Child and Adolescent Mental Health.*




ANINA
POTGIETER
OPTOMETRISTS

The intelligent choice

Simonsplein, 61 Plein Street, Stellenbosch
021 882 9370 www.aninapotgieter.co.za

LUMLEY'S PLACE
ACCOMMODATION | CONFERENCING | PRIVATE FUNCTIONS
★ ★ ★ ★

Sincerely Yours



PETER AND BENITA CYSTER
M: +27 (0)82 850 9007

GPS: S 33° 54' 178", E 18° 57' 136"
E: info@lumleysplace.co.za
www.lumleysplace.com

## ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS

### TE KOOP / FOR SALE

**Heuning:**
500g heuning te koop @ R30.
Kontak Sas De Kock by
021 887 0988 of 084 023 8909.

### SAAMRYKLUBS / LIFT CLUBS

**Goodwood–Stellenbosch:**
Lift required daily. Working hours from 07:45 to 16:00.
Contact Jonathan Pasquali on
072 682 7758 or 021 808 9409 or Sfi2@sun.ac.za.



*Prof Branislav Jeremic (middle) of the Division of Radiation Oncology in the Faculty of Medicine and Health Sciences delivered his inaugural lecture, titled "Radiation Oncology of Lung Cancer in the 21st Century: a view from the Building X", on Thursday 5 September. Here is Jeremic with Prof Arnold Schoonwinkel, Vice-Rector (Learning and Teaching), and Prof Jimmy Volmink, Dean of the Faculty of Medicine and Health Sciences.* Photo: MANDI BARNARD



*Several matric learners from the Southern Cape who participated in SU's Hope@Maties Tutor Project were rewarded for their hard work during the year at a function on 29 August in George. The top learners from 12 schools were surprised with Recruitment Bursaries from SU. Here are Dr Trevor van Louw, Director of CELEMUS; Charnay Bowers of Bastiaanse Secondary; Ilze Gelderblom, Advisor of the Centre for Prospective Students; Bradley Thompson of Sentraal High School; and Lynthon Jacobs of CELEMUS at the function.*



*Prof Johann Görgens (middel) van die Departement Prosesingenieurswese in die Fakulteit Ingenieurswese het op Dinsdag 3 September sy intreerede, getiteld "Why pursue research projects in an academic environment?", gelewer. Hier is Görgens saam met prof Eugene Cloete, Viserektor (Navorsing en Innovasie), en prof Hansie Knoetze, Dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese.* Foto: JUSTIN ALBERTS